Verwysing: 20210312-1591
Lêerno.: 5/1/4/15
Navrae: H.G. Barnes

Verkrygingsbestuurminuut: 0001/2021

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van alle subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor en onderwysdistrikskantore

Onderwerp: Kontrak RT5-2020: Lewering van 'n deurlopende pakketkoerierdiens aan die Staat vir die tydperk van 01 Desember 2020 tot 30 November 2023

1. Hierdie minuut dien om u mee te deel dat die Nasionale Tesourie 'n nuwe transversalekontrak, wat vanaf 01 Desember 2020 vir 'n driejaartydperk van krag is, gesluit het om koerierdienste aan die Staat te verskaf.

2. Die kontrakteurs vir koerierdienste in die Wes-Kaap en tussen provinsies is Madibana SA (Pty) Ltd en Skynet South Africa (Pty) Ltd. Die kontakbesonderhede van die betrokke kontrakteurs is soos volg:

Kontrakteur se naam	Adres	Telefoonnommer	e-Posadres
Madibana SA (Pty) Ltd	Posbus 1374 Internasionale Lughawe OR Tambo Kempton Park, 1627	011 892 0272	madiba@madibana.com csd@madibana.com
Skynet SA (Pty) Ltd	Posbus 8807, Edenglen, Isando, 1613	011 586 1000	rnaziraj@skynet.co.za

3. Indien 'n Hoofkantoorkomponent of 'n distrikskantoor van die diens wat in die nuwe Nasionale Tesourie RT5-2020-kontrak gespesifiseer is, gebruik wil maak, moet die volgende prosedure gevolg word:
   (a) Skakel met die diensverskaffer en versoek 'n geleibrief (waybill) wat volledig ingevul moet word en die volgende besonderhede verskaf:
      (i) Die direktoraat/hoofdirektoraat/distrikskantoor se naam;
      (ii) Kontakpersoon se naam;
      (iii) Kontakpersoon se straatadres en kamernommer;

(iv) Kontakpersoon se telefoonnommer; en
(v) Verwysingsnommer van die lêer waarin die besonderhede van die vereiste koerierdiens aangeteken is.

(b) Versoek die diensverskaffer om 'n rekening oop te maak en die item(s) wat gekoerier moet word, af te haal. Die faktuur moet aan die kontakpersoon wat die diens versoek het, gerig word. Die toepaslike komponent moet vir die dienste gelewer, betaal, aangesien die Direktoraat: Verkrygingsbestuur nie sodanige betalings sal behartig nie.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle werknemers onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-03-24